



Eerste uitgawe -
2017

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

• Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley
082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois
van As 074 6011847
- Tesourier - Daan du Toit
012 567 2520
- Sekretaresse – Marianne
Erwee 083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Ver-
maak 083 388 4736
- Addisionele lede :
Duvan Horn
Martin Kruger
Johan Els
Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terug-
voering rakende die nuusbrief
kan gegee word aan Jaco Kriek
by:
jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die redakteur	1
Briewebus / Vra is vry	2
Die Hangende Tak	3
Vergadering 7 Januarie	8
Inheemse boom	11
Verdadering 4 Februarie	12
Terugvoering	19
Snippets	20
Kalender	21
Sorgskedule	22

Van die Redakteur

Beste bonsai vriende

Hierdie is die eerste uitgawe vir 2017. Ek wens almal 'n baie voor-
spoedige en geseënde 2017 toe. Mag julle gelukkig wees. Mag julle seën en geluk vind in jul fa-
milie, in verhoudings, in vriende
kringe, in julle gemeenskappe en
ja in die kai. Ek sê dit met opset
want dit is wat ware geluk gee.
Nie goed en geld nie.

Ons is die laaste tyd wonderlik
geseën met baie reën. Als is vars
en groen en Vaaldam loop selfs
oor. En ons bonsai groei dat dit
bars. Daar is niks soos reën vir ons
bome nie.

Onthou egter dat die groeime-
dium wat ons normaalweg ge-
bruik baie goed dreineer en dus
spoel van die voedingstowwe uit.
Kyk bietjie wat beveel Francois
in sy kalender brokkie (bl 21) aan
oor voeding.

Met al die reën kan ons nog
laaste groei in ons bome verwag
voor herfs.

Onthou dat ons die BRAT dag
aanbied op 29 April en ons vra
dat julle asseblief die dag sal
ondersteun.

Lekker bonsai !!

Jaco



**Good trees are created over years, great
trees are created over decades.**

Tony Tickle

Briewebus / Vra is Vry

Jaco

Na aanleiding van jou vraag oor die betekenis van die woord "nana", die volgende:

"Nana" is die Latyn vir "dwerg". Die dwerg Juniper van Japan, beter bekend as die "Juniper Procumbens Nana", is miskien die mees algemene bonsai gebruik van die term. Die Nanabessie (*Rhus dentata*) is nog 'n voorbeeld aan ons bekend. Alles aan hierdie inheemse boompie kom in "dwerg" vorm!

Groete

Esther m.b.v. Andries



Hello Jaco

I think it was Esther who showed me a photo of a tree for identification. I said it was the Pohutukawa or New Zealand Christmas Tree (this as essentially correct) but then my mind went into orbit and I said its botanical name is Melaleuca which it is not! The correct genus is *Metrosideros*, the probable species is *M. kermadecensis* which has variegated forms, and is also known as Ironwood. It could be *M. excelsa* or the Pohutukawa, but this species has adventitious roots like our figs.

Please forward as I don't have Esther's email

Thank you

Gareth Bath

PS the *Melaleuca* genus is Australian, often called Paperbarks



Trees that grow very large are generally very good at healing wounds.

DIE HANGENDE TAK - deur Dr Pieter Loubser


DIE HANGENDE TAK

Dikwels is terminologie 'n probleem en ons is lui en gryp sommer na die naaste tak. Veral vir 'n jong taal soos Afrikaans. En tog is Afrikaans so verstommend met nuutskeppings. 'n "Cascade"? In my eerste boek is dit vertaal as kaskade en halfkaskade, maar in my meer onlangse boek is die term hangstyl gebruik.

Ek wil in hierdie stuk nie oor die styl skryf nie, maar wel die gebruik van 'n enkele of meer takke wat hang om spasies in die ontwerp van die bonsai mee te vul, of om aksent te verskaf. Kyk hieronder na die twee lyne van ontwerp en sien hoe hulle mekaar ondersteun. Kuns!



Hoe Suid-Afrikaans is dit? Duidelik is dit 'n metode om bonsai te stileer in die Noordelike Halfrond. Nie moeilik om te vind nie.....Google net. Ek het. Het ons sulke materiaal in ons land, of groei bome nie sodanig hier by ons nie. Moet ons dit vermy in ons skeppings, of tog soms gebruik. Mog jy Noordelike Halfrond se skeppings naboots of net wat jy in Suid-Afrika sien.



En watter beelde sien jy hier by ons? Verskil dit in KZN en Noordwes van mekaar? Of WesKaap en NoordKaap?

Die terme balans en positiewe en negatiewe spasies (al krap dit sommige "kunskenner" om), is nogal belangrik. Ons moet dalk ook kyk na "gewig", natuurlik visuele gewig en tot der mate wat dit met balans te make het. En wat van beweging? Ek meld dit net hier en daar.

Verskoon asseblief dat ek baie gaan leen het op die vrygewige internet. Ek is nie besig om die hangtakke af te kraak nie en miskien eerder die teendeel. Dit het my net 'n rukkie terug opgeval hoeveel van die bonsai in die Noordelike Halfrond sulke hangtakke het. Hulle gebruik natuurlik baie ander spesies bome as wat ons gemiddeld mee werk en ook gaan jy by hul ontwerpe nie sommer 'n hangtak met 'n Celtis of 'n Olien sien nie. Keëldraers skyn maklik te wees om met sulke takke te oorleef.

Ek dink net dat die loof op daardie takke onder die boonste takke moet uitprojekteer anders gaan hulle te min son kry en agteruitgaan. En tog lyk dit nie so nie, as jy na volgende foto kyk.

DIE HANGENDE TAK - deur Dr Pieter Loubser



William Shakespeare dink dat “*menige ordentlike hangpogings, ‘n slegte huwelik verhoed*”. Die gebruik van “hang” van kriminele toe nog van toepassing.



Is die een hierbo egter kuns? Net kuns? Gaan jy dit in die natuur sien? En werk dit in SA? En gaan dit oorleef? William Feather sê dat “*sukses merendeels lyk na ‘n saak van vasklou (“hanging on”) na ander laat los het*”. Dis so ‘n mooi stelling.



Neem die hangende tak weg hierbo en kyk weer. Die onderste helfte van die boom toon ‘n opvallende *shari* en *jin* plus die hangende tak. Neem die hangende tak weg en sien dan watter probleme jy het met die boonste helfte! Let op na die lyn vanuit die toppunt skuins af tot in die hangende tak. Dit is onopvallend, maar, boeta, belangrik en dit hou die twee helftes aanmekaar vas. Kuns!

Ek wil nie eintlik hier kommentaar lewer nie, behalwe dat die opstelling hierbo ‘n onstabiele houder het, maar dat die hemelreikende *shari* regoor die bak, ‘n stabiliserende invloed het. ‘n Moeilike een hierdie. Vergelyk dit met die een op die volgende bladsy waar alles hang, maar nie opvallend nie. Die balans is verstommend. Maklik met die dik stam, stewige bak, uitgestrekte arms soos stutte.

Vervolg op bl 5

DIE HANGENDE TAK - deur Dr Pieter Loubser



Werk ons met sulke materiaal soos hieronder? Verstommend. Neem die hangende tak weg en.....? Dit vul 'n spasie. Sonder die tak is die gewig van die spasie net te veel! En die balans is versteur al is die lower bo-oor die stam se basis. Daardie eldboog links is die sleutel tot soeke na balans.



Beweging? Iets soortgelyks volg, soos die eldboog, maar hier anders hanteer – met gewig! Alles is swaar. Die eldboog en hangende lower amper op dieselfde hoogte! Balans! En die lyne op die stam beweeg!

Kuns en weer eens kuns. Suid-Afrika? Jy kan nie sonder daardie hanger nie. En ook nie die heelwat stewiger boom hieronder nie want neem jy die hangende tak weg en die gewig verander en jy eindig met 'n patetiese kadotjie op die verstommende stam. En die beweging eindig stomp.



Vervolg op bl 6

DIE HANGENDE TAK - deur Dr Pieter Loubser

James Brolin beweer dat *“hy nie omgee wie jy is nie, maar dat die druk daar is om die volgende taak onmiddellik te verrig”* en wil dan weet *“wat geword het van uithang in die hangmat die hele agtermiddag”*. Lekker!

Met die kleurvolle volgende foto, kan ek vra waarom hangende takke gebruik is. Hier is dit interessant dat indien hulle nie deel was van die ontwerp nie, die boom balans sou verloor soos dit tans staan in die houer. Hierdie is nie definitiewe hangende takke nie, maar subtiel en met rede. Dit is duidelik moeilik om balans te kry, ook gesien in die lig van die klein houer.



Kom ons skiet die hoogte in en soek dan balans. Kyk na die boom links op die foto.



En toe spoor ek 'n foto op van genoemde boom op sy eie op en kyk weer. Juan Llanga se eien- dom. Klein hangende takkies, maar verwyder hulle en die boom is visueel dood. Hulle vul die groot negatiewe spasie met iets.



Werk dit in alle gevalle? Soms nie, dink ek. Maar nouja, as daar min is moet jy jou bes probeer. Die geliefde Leonard Cohen het gesê dat *“uit die duisende wie van gewet word wat bekende digters wil wees, is miskien een of twee eg en die res namaaksels wat rondhang in en om die heilige plekke en probeer lyk na die Ware Jakob”*.



Vervolg op bl 7

DIE HANGENDE TAK - deur Dr Pieter Loubser

En nog 'n paar bome met ietwat kommentaar. Neem die hangende takke links en regs weg van die boom hieronder en die karakter is dood. Die arms wat balanseer en tog boontoe lei. Dis Peter Tea s'n.



Ben Oki (dink ek) het gesê: “ ‘n Kunswerk moet geheime hê” en ook “Leer om te wag”. Kyk na die hangtakke hieronder (twee-derdes van boom). Die boom se geskiedenis? Ek weet nie en dis 'n geheim, maar dit laat my wonder. Waar groei dit? Wat het die karakter geskep? Sneeu? Die storie?



Ek weet nie hoe waar dit is nie, maar volgens “Oosterse gebruik” kan net die Opperwese perfek wees en daar is dus rede waarom sub-gode aangestel is om mense te skep, wesens wat nie perfek is nie. Die sub-gode is ook nie perfek nie en kon dus maar foute maak. Dit kom ook dalk uit meer Griekse denke in die tyd van Zeus, Apollo ensameer se bestaan, maar wat ons mense dan ookal doen, mag nie perfek wees nie. Die pragtige Oosterse matte (baie is verstommend simmetries) moet glo êrens 'n doelbewuste “fout” hê om die menslikheid te wys. 'n Pot wat gemaak is moet neergegooi word om 'n klein stukkie skade te wys! Bonsai? Perfekte bonsai? Nie moontlik nie. Nie nodig nie!

Dink weer oor die hangers!

Pieter Loubser

If you don't prune and pinch regularly and effectively, your tree will lose its shape, aesthetics and appeal.

Vergadering van 7 Januarie 2017



Links: Hierdie Karoo Boerboom is deur Koos Engelbrecht gewys op die 'uitstalling'.



Tip of the month - deur Edwin Morgenrood

Oom Edwin het gese dat hy al 43 jaar lid is van die Kai. By een van die eerste uitstallings van die Kai waarna hy gaan kyk het was daar 'n persoon besig om 'n Witstinhout boompie te styl. Elke keer wanneer hy 'n dun takkie afsny het hy 'n bietjie spoeg aan die punt wat hy gesny het gesit. Oom Edwin vra toe die persoon waarom hy dit doen. Die persoon noem toe dat as jy bietjie speeksel (wat bietjie taai is) met grond meng en aansmeer dit 'n baie goeie seëlmiddel is. Dit geld vir takkies vir so maksimum 5mm dik. Oom Edwin se hy doen dit nog steeds na al die jare en dat dit 'n effektiewe seëlmiddel is, baie maklik en gratis!



Onder: Hierdie bome behoort aan Antony.



Verdadering van 7 Januarie 2017



The theme of the meeting was Tanuki and was presented by Antony Smith.

Tanuki is a term used to describe what many refer to as Phoenix graft. It is not an actual bonsai style but a technique that is used to make bonsai look older. An interesting piece of dead wood (like drift wood) is used as the centerpiece in the planting. Grooves are cut into the wood using something like a die grinder. A young leggy plant, like a Juniper, is then fastened into the grooves by using nails, screws or other methods. The trunk of this plant eventually grows into the groove and appears to be one with the dead wood, giving the impression that the dead wood is part of the tree.

Antony said that when you display a Tanuki at a show it is custom to indicate that it is a Tanuki. It is good if you can see the live vein of the actual tree. Antony had two trees at the meeting, Junipers, and asked the members to choose one which he worked on. He explained that he treated the deadwood with lime sulfur. He brushed off all bark and loose material. He did very little carving on the wood and uses the natural groove at the back. Antony said that after about ten years the tree will appear to be part of the wood and that the wood was the original trunk of the tree.

Antony said that the wire on the branches will be taken off in stages over about a 9 month period. He might use a screw to fasten the branches to the wood. The screw is left in the branch and callouses over. He might later mix Indian ink with lime Sulphur and carefully 'paint' the crevices so it appears like shade areas.

After about four years he will re-look at the styling and maybe remove or move some of the 'clouds' to fit in with the grown tree. It is at least a four to five year process. Initially he doesn't remove a lot of foliage to keep the tree healthy. He will do some plucking of foliage as the tree develops.

He rewires about 3 to 4 times over the 4 year period. Wire is left on the tree for about 8 months at a time. If wire bite occurs he removes those wires. Leave wire as long as possible to let the branches set.

Antony also demonstrated to the meeting how he brushes dead old foliage out of the pads. He uses a strong wire brush, and really brushes!!!

Continue on pg 10

Verdadering van 7 Januarie 2017

The placement of the clouds are alternating to give each one exposure to enough sunlight. Junipers like sunlight!! They can tolerate full sun all day. Antony waters his Junipers twice a day.

Junipers should have enough space and not stand close to each other. There should be plenty airflow! They need as much light and airflow as possible.

Antony uses a free draining growing medium. The ph must be on the acidic side. Remember that water is alkaline and therefore reduces the acidity of the soil. Antony mixes 10ml of vinegar in 1 liter water and apply it on his Junipers. You can also use Azalea feed which is acidic.

One of the maintenance activities of a Juniper is to constantly plug the foliage and thin out the clouds.

During transplanting from a black bag, Antony removes all long roots but keep the root ball intact. Bag soil must not be all removed at once. Remove bag soil in 3 to 4 stages to bonsai mix. With every transplanting make sure that some of the 'old' soil is used with the new growing medium.

Antony transplants Junipers anytime of the year. He dumps the whole pot in water to get rid of air pockets.

Never cut a branch without leaving some foliage. The branch will die without foliage. Antony uses guano fertilizer on his Junipers as well as a systemic insecticide.

The dead wood that Antony used for his demonstration is Mopanie. He said that he will remove some of the clouds of the demo tree later as the tree develops. He will develop the apex more as well as the right side of the tree. Stage one is now complete. Now the tree must grow and develop strong before more styling is done. ♣



Inheemse Suider afrikaanse boom vir Bonsai—Ficus Sycomorus

Ficus Sycomorus

Algemene naam Afr: Sycomorysvy, Rivierwildevy, Geelstamvy.

Eng: Sycamore fig, Fig Mulberry, Common cluster fig

Ficus Sycomorus kom in Sentraal, Suid en Oos Afrika voor. Dit is die sycamore vy van die Bybel en daar word sewe keer in die ou testament na die boom verwys. In sy natuurlike habitat kom hulle gewoonlik voor in ryk grond langs riviere of vloedvlaktes. Hulle groei 10—25m hoog in Suid Afrika maar kan 45m hoog groei in tropiese woude. Hulle het wye takke en digte blare. Die vrugte is groot en eetbaar en word geel of rooi wanneer ryp. Hulle kom op die stam en ander takke voor in groot trosse.



Die Sycomorus is nie so gewild vir bonsai soos ander inheemse vye nie, maar maak steeds 'n baie mooi

bonsai met die regte versorging. Die wortels van die Sycomorus is nie so sterk soos die vye wat as “strangler and splitters” geklassifiseer word nie maar hy kan steeds as wortel oor rots styl gebruik word.

Die hoofstam is gewoonlik dik en sterk en kry 'n mooi gelerige groen kleur.

Soos ander vye kan hy uit die natuur gehaal word met goeie sukses vir oorlewing.

Die blare van die Sycomorus is redelik groot en is die spesie dus meer geskik vir groter bonsai. Die blare verklein wel redelik goed met die regte versorging.


Soos ander vye hou die Sycomorus van klam toestande. Veral in warm somer toestande kan hy gereeld water kry met minder benatting in die winter.



Hy is sensitief vir ryp en moet verkieslik in die winter beskerm word teen baie koue. Wanneer hy ryp skade gekry het sal hy van onder weer uitloop, maar dan moet van voor af gestyl word.

Die Sycomorus is geskik vir meer natuurlike en informele style, soos informeel regop, besem styl en soos genoem wortel oor rots. Hy verkies vol son wat ook tot gevolg sal hê dat die blare nie te groot word nie.

Die wortels ontwikkel vining en die boom kan elke twee jaar verplant word, met redelik wortel snoei. Diep bakke is geskik om die sterk wortels te akkomodeer. Gereelde algemene bemesting help vir gesonde groei. Blare en takkies kan gereeld teruggeknip word maar drastiese snoei moet in die warm seisoen gedoen word sodat die boom tyd het om te herstel. Voortplanting kan deur steggies en “truncheons” gedoen word. ♣



Bo: Seker een van die bekendste Sycomorus bonsai in Suid Afrika. Oorlede Charles Ceronio se boom.

Vergadering van 4 Februarie 2017



Kyk hoe oulik is my kleinkind



Vervolg op bl 13

Vergadering van 4 Februarie 2017



Willie Botha bespreek sy Ficus Benjamina. Die boom is onlangs oorgeplant en daarom die welige groei. Die boom is as klein plantjie in 'n swart sakkie gekoop en is nou sowat 15 jaar oud.



Bo en onder: Louis se Huilboerboom.



Bo: Louis het hierdie Kei-appel al sowat 8 jaar.
Onder middel: Nog n Kei-appel van Louis wat 8 jaar oud is.
Onder regs: Louis se Num-num met blomme en vrugte aan.



Regs: Pieter het die Natal vytyjie bespreek wat deur Peet geneem is vir bietjie raad.

Vergadering van 4 Februarie 2017



Carl vertel dat hy hierdie Witstinkhout by die raffie gekry het. Die boompie was regop maar het omgeval en toe so skuins gegroei. Carl gaan hom nou so los as “windswept”.



Bo: Philip het sy Seepnetel bespreek. Hy het die boompie so vier jaar gelede by Johan Ras gekry.

Johan het sy Bombax bespreek. Hy het die boom van ’n baie klein plantjie gegroei en het hom nou so 7 jaar. Die boom maak ’n mooi wit blom. Takke kan nie buig nie.



Bo: Philip groei sy Witstinkhout in die “windswept” styl. Hy het die boom 2 jaar gelede op die raffie gekry.

Onder: Oom Edwin het die Buddleja in die vroeë tagtiger jare in die Rustenburg omgewing gegrawe. Hy se hy gaan die boom in ’n mooi delikate pot plant en so bietjie tilt na regs.



Continue on pg 15

Vergadering van 4 Februarie 2017

Tip of the month - Prof Gareth Bath

Prof Gareth said that he lived in Hilton in Natal many years ago. Hilton is in the mist belt en very humid and he always had lots of moss. When he moved to Pretoria he brought with him some of the moss, but it all died. Then one day he noticed that there was moss growing on the southern side of his roof.

Prof Gareth said he googled and found that there are 12000 species of moss in the world.

So, use moss from your area, don't take moss from other areas, it will not survive. Gareth grows moss in little 'trays'. He collects from his paving and also what grows on his shade cloth.

Remember: Local is lekker!! Use moss from your area.



WINDSWEPT

Die tema van die dag was "Windswept" styl vir bonsai en is deur Pieter du Plessis aangebied. Pieter het 'n aanbieding op die skerm gewys wat heelwat kommentaar en deelname uit die gehoor ontlok het. Pieter het 54 fotos van 'windswept' bome uit die natuur gewys asook omtrent 30 fotos van bonsai in die 'windswept' styl. Slegs sommige van die fotos word hier gewys.


Pieter het verduidelik dat wind somtyds bome se takke en stamme buig en somtyds die takkies en blare basies snoei aan die windkant. Blare en takkies word basies ge-sandblast aan die wind kant. Die wind en die sand in die wind maak die blare en takkies seer en dus groei hulle na die kant weg van die wind.

Terwyl Pieter die vergadering hanteer het het Duvan 'n Procumbens nana in die 'windswept' styl gestyl.



Vergadering van 4 Februarie 2017

Foto's uit die natuur.



Vergadering van 4 Februarie 2017

“Windswept” bonsai.

<http://www.geocities.com/rubiosbonsai/tipos.htm>



Vergadering van 4 Februarie 2017

Duvan het 'n Procumbens gestyl terwyl Pieter gepraat het.



Pieter het ook vining aan die einde van die vergadering 'n Procumbens in die "windswept" styl gestyl.



TERUGVOERING OOR DEMONSTRASIE / WERKSWINKELBOME

Gedurende die vergadering van 7 Januarie 2012 het Org gewys hoe hy kerfwerk op dooie hout doen. Onder links is die boom terwyl Org aan hom gekerf het en regs na kerf werk.



Gedurende die vergadering van 2 November 2012 het Org aan dieselfde Buddleja as bo gewerk as demonstrasie van bome wat uitgegrawe is. Links onder kan gesien word hoe die boom gegroei het sedert 7 Januarie 2012 (10 maande na die kerfwerk) en regs onder nadat Org hom gestyl het.



Regs is die boom afgeneem op 26 Februarie 2017, dus vyf jaar na die eerste werk. Soos gesien kan word het Org gevoel die boom verdien 'n bonsai bak. Hy is reg! Inspirasie vir almal!



Snippets

Our Environment

Paint, motor oil, ammonia and a host of other chemicals should not be poured down the drain or directly into the ecosystem. They'll soak into the earth and end up in the groundwater. Find out about best practices for disposing of hazardous waste and toxic chemicals. There are special disposal sites for this type of material. Find one in your area and use it.



Dispose of toxic waste the right way!!

Inspirasie uit die natuur



“Nebari” is die Japanse term in bonsai wat die sigbare wortels beskryf. Die “nebari” gee visuele balans vir ’n bonsai en gee die indruk dat die boom stewig in die grond staan.

Hierdie boom (vermoedelik ’n Wilde Vy) het **Esther van Aarde** in een van die kampe in die Kruger Wildtuin afgeneem. Sou dit nie mooi lyk as ’n bonsai se “nebari” so kon lyk nie?

Bonsai Kalender – Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in Maart?

Dit is vroeg-herfs en temperature sal stadig begin afneem. Hou die boompies se waterbehoefte fyn dop aangesien ons nog steeds baie warm dae kan verwag. Voeding (bemesting) is belangrik aangesien ons die boompies se reserwes wil aanvul vir die winter wat voorlê.

Nuwe groei verhard ook nou en dit kan aangehelp word deur die toediening van bemesting met meer potas (K) en minder stikstof (N).

Takke wat bedraad is moet dopgehou word aangesien hierdie proses met verdikking gepaardgaan. Terugsnoei is nie meer nodig nie aangesien lote nie meer groei nie. Behandeling teen insekte en swamsiektes kan steeds voortgesit word aangesien warm, nat, laat somerdae hierdie peste kan laat gedy.



Wat doen ons in April?

April is middel-herfs en seker een van die mooiste maande van die jaar. Die bladwissellende bome is nou in hulle herfskleure getooi en maak gereed om blare af te gooi. Blare wat afval en bo-op die wortels lê moet verwyder word aangesien dit aanlyding kan gee tot swamsiektes wanneer dit begin verrot. Watertoediening word deur weersomstandighede bepaal en die warm herfsson kan steeds die wortels laat uitdroog. Bemesting word gestaak tot en met die aanbreek van die lente.

Bonsai-groete

Francois van As

Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?

Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakte) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
Maart	27	16	8	10	61 - 100mm
April	24	12	8	7	31 - 60mm

Bron: <http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm>


Sorgskedule – Saamgestel deur Dr Francois van As

Sorgskedule / Maintenance schedule

	Seisoen: Season:	Mid-somer Mid-summer	Laat somer Late summer	Vroeg herfs Early autumn	Mid-herfs Mid-autumn	Laat herfs Late autumn	Vroeg winter Early winter	Mid-winter	Laat winter Late winter	Vroeg lente Early spring	Mid-lente Mid-spring	Laat lente Late spring	Vroeg somer Early
	Maand: Month:	Jan	Feb	Mrt Mar	Apr	Mei May	Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des Dec
Aksie / Action	Verplant Potting												
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning												
	Vormsnoei Formative pruning												
	Knyp groeipunte Pinch growth points												
	Bemesting Fertilizer												
	Insekdoders Insecticide												
	Somerbeskerming Summer protection												
	Winterbeskerming Winter protection												



Waar 'n wil is is 'n weg.....



Ontvang van Mariaan.